# DIE GELOOFSGRONDSLAG VAN ONS REPUBLIEK

In sy aanvanklike vorm is die Republiek van Suid-Afrika nog wesenlik gebaseer op die Britse grondslag van die Suid-Afrika-Wet van 1909. Maar dit het nou in elk geval 'n stoot vorentoe ontvang om nouer te skakel ook met die regsbronne van sy Europese herkomslande en om daarop in Afrikaans-Suid-Afrikaanse gees voort te bou, ook wat sy staatsvorm betref, omdat sy vroeëre valse kulminasie in die uitheemse Kroon nou vervang is deur 'n suiwere Staatshoofskap uit die volk self.

Tegelykertyd het dit in beginsel in die nuwe grondwet sy diepste fundering in sy Christelik-Calvinistiese geloofsgrondslag heraanvaar en sterker bevestig, in die volgende aanhef en begin, soos in die Staatskoerant gepubliseer:

In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God, Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volkere;
Wat ons voorgeslagte uit baie lande byeengebring en hulle hier in hul eie gevestig het;
Wat hul weë deur geslagte bepaal het;
Wat hulle so wonderbaarlik deur gevare gelei het;

Verklaar ons, wat hier as verteenwoordigers van die volk vergader is, dat aangesien ons

Bewus is van ons verantwoordelikheid voor God en die mensdom;

Oortuig is van die noodsaaklikheid om saam te staan
Om die onskendbaarheid en vryheid van ons land te beveilig;
Om die wet en die orde daarin te handhaaf;
Om die geluk en die geestelike en stoflike welvaart van almal te bevorder;

Bereid is om ons plig te aanvaar om gesamentlik met alle vredeliewende volkere wêreldvrede te soek; en

Die opdrag wil uitvoer om die Republiek van Suid-Afrika te vestig en 'n Grondwet daaraan te gee wat die beste sal aanpas by die tradisies en geskiedenis van ons vaderland:

Word dit derhalwe bepaal deur Haar Majesteit die Koningin, die Senaat en die Volksraad van die Unie van Suid-Afrika soos volg:

Deel I.

DIE REPUBLIEK

1. Die Unie van Suid-Afrika, wat bestaan uit die provinsies die Kaap die Goeie Hoop, Natal, Transvaal en die Oranje-Vrystaat soos hulle onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan het, is van die een-en-dertigste dag van Mei 1961 'n republiek wat die Republiek van Suid-Afrika heet.

2. Die volk van die Republiek van Suid-Afrika erken die oppergesag en leiding van die Almagtige God.

Hierin word dit wel nie uitdruklik

gesê nie, maar is dit by implikasie inbegrepe dat die Republiek uitgebou sal word in ooreenstemming met die geopenbaarde wil van die God van die Skrifte, volgens die Afrikaans-Calvinistiese interpretasie daarvan, ook wat die staatsvorm betref, hoewel laasgenoemde natuurlik ook rekening moet hou met moderne opvattinge, omstandighede en behoeftes, soos in die Ontwerp-Grondwet van 1941 beproef is.

Blote republikanisme is natuurlik teenswoordig nie meer van groot belang nie, aangesien sy teenstelling, monargisme, in elk geval reeds uitgedien is. Die huidige vraagstuk is eerder in hoever die staat nasionaal of internasionaal bepaal sal wees, en in hoever dit mag verval tot totalitarisme, al dan nie; en in hierdie verband sy Westers-demokratiese skakeling.

Hierby is wel ook die staatsvorm van belang en dit is selfs tot 'n mate 'n geloofskwessie, hoewel nie in so 'n sterk mate as die presbiteriale kerkvorm nie. Daarom kan dit goed wees om weer te herinner aan wat Calvyn se beskouinge hieromtrent was.

In wat volg, word dit kortliks weergegee in die vorm waarin ek dit voorheen eenmaal gestel het:

Omtrent Calvyn se leer in verband met die staatskonstitusie is daar 'n besonder sterk getekende meningsverskil onder sy uitleggers: dit word naamlik deur een groep beskryf as demokraties, deur die ander as outokraties-konserwatief, terwyl 'n derde groep daarby berus om op altwee aspekte te wys as 'n onversoende innerlike teenstrydigheid in Calvyn se leer op hierdie soos op ander punte. Hierdie meningsverskil berus eensdeels op die tweesydigheid van Calvyn se opvatting van die staatsgesag, anderdeels op die verskil tussen die houding van Calvyn en dié van sy onmiddellike volgelinge, wat veel meer rewolusionêr of radikaal was. Oor een punt is min of meer almal dit egter eens, dat Calvyn vir die ontwikkeling van die „konstitusionele" staat van oorwegende, miskien selfs beslissende betekenis was, al was dit dan slegs deur middel van sy volgelinge.

In ooreenstemming met sy fundering van die staatsgesag in eerste instansie op die soeverein-voorsienige bestuur van God Almagtig, erken Calvyn ook geen natuurregtelike of van Godsweë algemeengeldige beginsels van konstitusionele reg nie, behalwe die een formele beginsel dat die reg 'n *potestas publica* vereis. Wat die organisasievorm van die staatsgesag egter sal wees, is vir hom 'n saak van die voorsienige bestuur van God in die historiese ontwikkeling van die menslike geskiedenis, deur meer of minder direkte of algemene bepaling. Uit sy leer dat die reg wel langs histories-sosiale weg gepositiveer word deur verskillende gesagsverbande, konkludeer hy nie tot 'n direk geldende regseis dat die staatskonstitusie voorsiening moet maak vir medewerking van die gemeenskap in die staatsbestuur en met name in die wetgewing nie. Die staat se regsgesag is nie afhanklik van sy konstitusionele vorm nie; dit is selfs oorbodig en skadelik vir private burgers, wat geen aandeel het in die staatsbestuur nie, om oor die konstitusie en veral konstitusionele hervorming te diskusseer, aangesien die tyd al reeds rewolusionêr genoeg is.

Slegs op een punt beskou Calvyn 'n konstitusie as 'n direk en algemeen gel-

dende regsreël, naamlik ten opsigte van die kerkbestuur. Vir die algemene staatsreg het hy egter alleen negatiewe konstitusionele beginsels, naamlik:

1. Die staatskonstitusie kan nie ook geld vir die kerklike reëling nie — waardeur hy hom onderskei van die patristiek en die Duitse Reformasie.

2. Die staatskonstitusie is nie noodwendig of by voorkeur universeel monargaal, hetsy op grond van die Skrif of die natuur of die historie nie — waarin hy verskil van die hoog-skolastiek.

3. Van nature is nie vereis volksoewereiniteit nie, soos wel geleer deur die laatmiddeleeuse nominalisme.

Hierdie negatiewe beginsels bring egter positief dìt mee dat die staat kon beskou word as van Godsweë gekonstitueer op nasionale of ten minste plaaslik bepaalde grondslag. En dit nie maar net as 'n feitlike gegewe wat eintlik in stryd is met die universele eenheid van mensheid of Christendom of met die Christelike individualisme nie, maar as 'n normatiewe reëling van die goddelike voorsienigheid, hoewel miskien nie met absolute regsgesag nie. In elk geval het hierdeur die nasionalisering van die staat 'n gewyde karakter verkry, iets waarvoor ook 'n Christen homself kon offer.

Dit is dus geen natuurregtelike vereiste dat die staat monargaal moet wees nie: die Dawidiese koningskap is slegs van tipologiese betekenis, d.w.s. 'n voorafskaduwing van die geestelike en eschatologiese koningskap van Christus. Maar ook is dit geen natuurregtelike vereiste dat die volk medeseggenskap of beslissende seggenskap in die staatsbestuur sal hê nie. Elke staatsreëling, as dit gevestig is, het volle regsgesag, selfs die heerskappy van vroue soos in die geval van Debora en die „monstrous regiment of women" van daardie tyd waarteen Knox so gefulmineer het, hoewel die vroue-heerskappy sekerlik 'n besondere voorsienigheidsbeskikking is en in stryd met die *legitimus ordo naturae* (die normale natuurlike ordening).

Dit is dan ook onjuis om, soos Beyerhaus, bv. sekere uitinge van Calvyn oor wetmatigheid van regering of, soos Doumergue, sy religieuse en kerkregtelike „demokratisme" direk staatsregtelik toe te pas. Want wel is dit waar dat Calvyn wette wat nie die *naturalis aequitas* beliggaam nie, nouliks as wette wil erken, en ook is dit waar dat hy die leuse van vorstelike wetsongebondenheid as tirannies beskryf en sterk voorkeur gee aan staatsbestuur volgens wette wat op algemene ooreenkoms berus; en ook is dit juis dat Calvyn 'n religieuse egalitarisme en verbondsverhouding bely en kerkregtelik aan alle gemeenskapslede 'n ampsbevoegdheid toeken; maar in geen van beide gevalle het hierdie beginsels direkte staatsregtelike gelding, asof 'n staat wat anders gekonstitueer is, geen regsgesag sou besit nie.

Dit nou is die een kant van Calvyn se leer oor die staatskonstitusie wat reeds feitlik opgesluit lê in sy soevereiniteitsleer. Calvyn se konstitusie-teorie is positiefregtelik en in sover behoudend, d.w.s. hy leer met die grootste nadruk die gelding en gesag van elke bestaande staatsvorm, met besondere beklemtoning van die goeie reg van nasionale en plaaslike differensiëring. Hy sluit hom dus aan by die staatswerklikheid soos hy dit vind en met name ook by die nasionale monargie wat destyds so belangrik was. Dit juis het dit

vir hom moontlik gemaak om hervormend in te werk op die staatskonstitusie, dat hy naamlik nie gekom het met natuurregtelike konstitusionele ideë wat die gesag van die bestaande staatsvorme feitlik sou ontken en daarby geen aansluiting vind nie.

Om hervormend in te werk, sê ek, want Calvyn se konstitusionele teorie het nog 'n ander kant. Nie alleen stel hy teenoor die soevereiniteit die materiële goddelike regsnorme nie, maar hy stel ook teenoor die empiriese konstitusie die reëling wat mees geskik sou wees om daardie norme te verwesenlik, naamlik 'n reëling waarby daar nòg outokratiese willekeur sou wees nòg ochlokratiese anargie, 'n reëling waarby uitgesoekte leiers die toon sou aangee, maar die ganse betrokke gemeenskap reg sou hê tot beoordeling van hulle leiding, 'n soort gemengde konstitusie, 'n aristokrasie op demokratiese grondslag, 'n regering volgens ooreengekome wette, 'n „konstitusionele" staat. Nie dat so 'n konstitusie 'n absolute regseis is wat die gesag van anders gevormde state sou ophef nie. Dit onderstel tog 'n baie hoë politieke vorming by die volk, 'n seldsame maatskaplike gaafheid, wat 'n hoë voorreg is en nie oral gevind word nie. Tog is dit 'n ideaal, 'n rigsnoer vir hervorming en bowenal 'n skat wat teen die hoogste koste gehandhaaf moet word, as dit eenmaal verkry is. Blykbaar het Calvyn gemeen dat 'n volk wat daarvoor ryp was, dit wel sou kry — hetsy alleen vanweë sy vertroue op die wyse voorsienigheidsbeskikking van God of op grond van 'n intuïtiewe insig in die wetmatige proses van maatskaplik-staatkundige ontwikkeling. In elk geval so 'n konstitusie is nie so seer iets wat opsetlik nagestreef moet word deur 'n volk nie; nog minder is dit staatsregtelik noodwendig — dit is 'n goddelike weldaad, wat die kosbare besit van vryheid verseker.

Gepaard met hierdie positiewe ideaal by Calvyn het gegaan 'n groeiende afkeer van die outokratiese monargie. Uit die aard van die saak, uit die ervaring en selfs uit die Skriftuurlike openbaring het dit vir hom vasgestaan dat die monargie te veeleisend is, te 'n hoë weelde, om die draer nie tot tirannie te vervoer nie. Monargie as sodanig is nie sleg nie, 'n „konstitusionele" monargie, waar die vors hom laat lei deur raadgewers en hou aan die ooreengekome wette, is selfs baie goed — maar 'n alleenheerskappy voer prakties tot magsoorskryding. Die kwaad van die monargie is aksidenteel en nie essensieel nie. Maar hierdie aksidentele kwaad word desnieteenstaande deur Calvyn in die skrilste kleure geskilder.

Beide aspekte van sy konstitusionele leer, hoewel hulle teenstrydig lyk, is gelyklik gefundeer in die eenheid van sy Godsbegrip. Elke konstitusie is gesaghebbend omdat God almal in sy voorsienigheid bepaal en deur sy gebod sanksioneer, ja selfs besonderlik die monargale Caesarisme noem; aan die ander kant is weer die „konstitusionele" staat wat berus op samewerking van die gemeenskap, die ideaal, omdat so die soevereiniteit van God beter erken word, as die gesag op aarde naamlik oor baie mense verdeel is, en sy regsgebod meer kans op verwerkliking het, as die willekeur van die aardse gesag beperk is.

Miskien het ook die predestinasie-gedagte en die kerkregtelike beginsels van Calvyn indirek hierdie ideaal gefundeer,

soos dikwels beweer is, aangesien daarvolgens die gelykgeregtigheid van elke gelowige vas staan. Maar hierdie invloed kon slegs indirek gewees het, omdat anders as by die Anabaptiste en latere Puriteine, die predestinatoriese gelykheid vir Calvyn slegs geestelike en kerklike betekenis gehad het. Egter, die mens is 'n eenheid, en regte wat hy op een gebied geniet, moes ook op 'n ander gebied om verwesenliking roep, veral by so 'n religieuse realis soos Calvyn.

Daasnaas sal in elk geval ook gedink moet word aan die invloed van die humanisme van die Italiaanse republieke en die republikanisme van die Switserse hervorming, om nie te vergeet die direkte invloed van die klassieke filosowe wat Calvyn so sterk ondergaan het, en die juridiese vorming van sy jeug in die Romeinse privaatreg as onskendbare *ratio scripta* nie.

Hoofsaak bly egter die direk religieuse wortel van sy leer, soos bo aangedui, en die daarmee verbonde opvatting van die Israelitiese rigter-republiek as 'n Godgegewe staatsmodel. Die twee antitetiese aspekte van Calvyn se konstitusionele teorie wat tot so uiteenlopende beoordeling aanleiding gegee het, was dus religieus verenig. Maar die betekenis daarvan vir die moderne konstitusionalisme het nie alleen daarop berus nie. Die angelpunt van Calvyn se leer, waardeur dit 'n hefboom geword het om die destyds monargale absolutisme uit sy voeë te lig, het daarin gelê dat die twee aspekte ook staatsregtelik verenig is, deurdat Calvyn in die destydse monargale staat, wat hy as staatsregtelik gesaghebbend erken het, 'n ampsinstelling gevind het waarin hy sy konstitusionele ideaal kon veranker.

Ons het naamlik reeds gesien dat ons outeur naas die staatsgesag ook ander gesagsinstellinge erken het, wat volgens hom eweseer geregtig is op erkenning as die staatsowerheid. Ook het ons gesien dat hy ampsplig as juridies verpligtend beskou het ook teenoor die owerheidsbevel. Die verbod van verset teen die staatsowerheid het hy beperk tot blote onderdane, private burgers; maar ampsdraers was vir hom in eerste instansie gebonde van Godsweë aan hul positiewe ampsplig. Onderwerping geld teenoor *alle* gesag, elk in sy kring. Nou het hy in die gemeenskapsorganisasie van sekere tye en ook van sy tyd 'n positief-regtelike ampsgesag gevind wat ook staatkundige betekenis gehad het.

Dit was geen owerheidsgesag, of liewer dit was geen soewereine of opperste owerheidsgesag nie; dit was 'n ondergeskikte, hoewel selfstandige owerheidsgesag met positiewe bevoegdheid in die onderdele van die groot soewereine state, met name die territoriale monargieë. Maar ten opsigte van die soewereine owerheidsgesag, die monargie naamlik, het hierdie instelling 'n hoogs belangrike negatiewe ampsbevoegdheid gehad, naamlik om inbreuk deur die vors op die verkreë regte van sy ampsbevoegdheid en sy onderdaanskap te verhinder, desnoods met dwang. Die juridiese dwangbevoegdheid van die soewereine staatsgesag is gedeel met hierdie ondergeskikte gesagsinstelling.

Nou is hierdie ondergeskikte meer plaaslike owerheid nie alleen geregtig om die soewereine staatsgesag teë te staan nie, maar daartoe selfs ten strengste verplig as van Godsweë ingestelde bewaker van die volksvryhede in hul plaaslike differensiasie. Hierdie plaaslike owerhede was vanself in

intiemer kontak met die behoeftes en regsoortuiginge van die volk in sy kleinere plaaslike geledinge en kon dus feitlik as volksverteenwoordigers optree. Hoewel die volk dus as onderdaanskap geen positiewe regte kon laat geld teen die staatsgesag nie, kon so 'n optrede tog indirek regtens plaasvind deur middel van hierdie *magistratus populares* (volksowerhede).

Uit die destydse staatspraktyk blyk dat die positief-regtelike bevoegdheid van hierdie ampsdraers destyds so ruim was en so essensieel vir wat ons teenswoordig beskou as vanselfsprekende volksregte en volksvryhede, dat hulle op hierdie manier 'n uiters belangrike demokratiese funksie kon vervul. En blykbaar het Calvyn hierdie betekenis van hulle wel deeglik gepeil.

Aan hulle het hy dus feitlik die verwesenliking van sy staatsideaal opgedra. Sy konstitusionele regspositivisme het hom nie alleen die moontlikheid gegee om aan te sluit by die bestaande staatsreg van die destyds heersende staatsvorm nie, maar het hom ook die sleutel verskaf om daardie staatsvorm oop te sluit vir sy konstitusionele ideaal. 'n Sleutel wat aangegryp is deur die Monargomage en hulle politieke erfgename om die Westerse konstitusionalisme, parlementarisme en selfs republikanisme te fundeer.

As ons naamlik sê dat dit gegaan het oor die funksie van die destydse rykstande of „state", dan sal hierdie konklusie in die oog spring. Dis immers bekend dat die moderne konstitusionele staat, waarby die volksverteenwoordigers 'n direkte aandeel gekry het in die soevereine staatsbestuur as parlementslede, 'n historiese ontwikkeling is uit die dualistiese standestaat, met sy tweeheid van *rex* en *regnum*, en wel juis as gevolg van die weiering van die stande in Calvinistiese lande om hul verkreë regte prys te gee, waardeur die vorste gedwing was om aan hulle 'n positiewe kontrolerende aandeel te gee in die staatsbestuur ter voorkoming van konstitusionele skaakmat. Dis die ironie van die geskiedenis dat die demokrasie wat die konsiliêre entoesiaste van die veertiende eeu nie kon verwesenlik met hulle natuurregtelike rasionalisme nie, in die absolutistiese sestiende eeu verwesenlik is deur die streng-sobere kerkhervormer Calvyn met sy positief-regtelike konservatisme.

Erken moet egter word dat Calvyn wel enigsins aanleiding gegee het tot die natuurregtelike wending wat deur sy direkte volgelinge aan hierdie teorie van hom gegee is — ek dink aan Hotman, Knox, Du Plessis-Mornay, ens. — naamlik deur sy sterke beklemtoning van die Skriftuurlik en natuurlik gefundeerde verkieslikheid van veelhoofdigheid en wetmatigheid en die elektiewe stelsel, asook deur sy vergelyking van die stande-stelsel met Bybelse en klassieke instellinge en sy radikale veroordeling van die monargisme, om nie te vergeet sy kerkregtelike beginsels nie. Die laaste moes tog 'n groot invloed hê, toe staat en kerk nog so nou verbind was. Ook die drang van omstandighede het hiertoe meegewerk en die moderne ontwikkeling van die staatsregswetenskap as 'n juridiese wetenskap, waardeur die staatsreg gelyke selfstandigheid en regskarakter begin verkry het as die privaatreg en dus eweseer genormeer is deur die goddelik-natuurlike regsbeginsels. En as die staatsreg eers definitief verbind is met die goddelike regsgebod eerder as met die voorsienigheid, dan moes volg dat ook

hierteenoor gehoorsaamheidsweiering geregtig was by strydigheid met die natuurreg of liewer die gebod van God. Calvyn sou self waarskynlik hierdie konsekwensie nie aanvaar het nie, ewe min as hy dit gedoen het by die privaatreg, behalwe waar 'n uitdruklike gebod van God aangewys kon word. Maar gegewe 'n verswakking van die voorsienigheidsoptimisme op staatsgebied en 'n versterking van die gebodsrigorisme ook op natuurregtelike terrein, m.a.w. 'n geringe rasionalisering van Calvyn se spiritualisme, soos bevorder is deur die destyds beginnende ontwikkeling van die natuurfilosofie, en die aangeduide oorgang was gemaklik.

P.U. vir C.H.O. L. J. du Plessis.